

Colorado-aartappelkewer

moenie dat dit ons ook onkant betrap nie



Diedrich Visser
LNR - Roodeplaat

Die aartappelblaarmyner, *Liriomyza huidobrensis*, het Suid-Afrika se aartappelboere gedurende 1999 en 2000 onkant betrap en miljoene rande se skade aangerig voordat hulle geweet het dat dit 'n nuwe plaag is.

Die enigste manier om 'n herhaling van só 'n situasie te voorkom, is om kennis te dra van watter plaeg nog in die buiteland voorkom wat moontlik 'n bedreiging vir plaaslike aartappelboere kan inhou. Een so 'n plaag is die **Colorado-aartappelkewer** (*Leptinotarsa decemlineata*).

Een rede waarom die aartappelblaarmyner lande ongesiens inneem, is sy onopvallendheid. Dit is 'n baie klein vlieg; daarbenewens kom 'n soortgelyke vlieg, *Liriomyza trifolii*, al vir meer as vyftien jaar in aartappellande voor sonder om groot skade te veroorsaak. Die aartappelblaarmyner se aantelvermoë is ook fenomenaal en die plaag kan waarskynlik vinnig oor groot afstande versprei.

Gelukkig is dit nie kenmerkend van die Colorado-aartappelkewer nie, maar ongelukkig is die skade wat deur beide die larwes en volwasse kewers aangerig word, baie meer dramaties as dié van die aartappelblaarmyner. Blaarmyne word nie gemaak nie, maar hele blare word afgevrete.

Die Colorado-aartappelkewer is tans die wêreld se nommer een-insekplaag by aartappels. Van die redes vir hierdie aanspraak is sy groot aptyt en dat hy weerstand teen ál die ou insekdoders bied. Slegs 'n paar nuwe insekdoder-groepe gee belowende beheer, maar die potensiaal vir die opbou van weerstand wek ook by dié nuwe groepe kommer.

Anders as wat sy naam aandui, kom hierdie kewer nie van Colorado nie, maar van Mexiko. Gedu-

Vervolg op bls 39

Colorado-aartappelkewer

rende die Eerste Wêreldoorlog het die kewer vanaf Amerika na Europa versprei. Tans beweeg die plaag ooswaarts na Asië, maar is nog nie in ander dele van die wêreld aangemeld nie. Die kewers vlieg selde; vinnige verspreiding oor lang afstande is dus beperk. Die grootte van die kewer en die kenmerkende strepe op die volwassene se vlerke maak die plaag maklik uitkenbaar en opsporing is dus maklik. Aan die begin van die nuwe seisoen begin die

lewensiklus van die Colorado-aartappelkewer met volwasse kewers wat uit die grond te voorskyn kom. Volwasse kewers is 9 tot 14 mm lank, ovaalvormig, met ligte geel dopvlerke waarop die kenmerkende tien swart strepe verskyn (vyf op elke vlerk). Die kopgedeelte is oorwegend oranje met 'n paar swart merkies.

Volwasse kewers oorwinter ongeveer 10 cm onder die grondoppervlakte. Ná die winter kom die kewers in groot getalle uit die grond en vreet vir



Jong larwes is donkerrooi en koek saam terwyl hulle vreet.

Volwasse Colorado-aartappelkewers.



'n kort periode, waarna hulle paar en eiers lê. Een wyfie kan 300 tot 500 eiers oor 'n periode van vier weke lê, gewoonlik aan die onderkant van blare in groepe van 10 tot 40 eiers. Die eiers, wat geel tot oranje is, broei binne vier tot nege dae uit. Die larwes voed dan vir die volgende drie weke op aartappelblare.

Baie jong larwes is donkerrooi met 'n swart kop en pote. Ouer larwes is oorwegend geel, oranje of pienk, met twee rye swart kolletjies weerskante van die agterlyf. Ná drie weke val die volgegroeide larwe van die plant af, tonnel onder die grond in en maak 'n grondsel waarin hy in 'n papiestadi-verander. Die papiestadi-

Colorado-aartappelkewer

um neem ongeveer 5 tot 10 dae voordat volwasse kewers ontpop en weer bo die grond verskyn. Tot drie generasies kan per jaar in 'n land voorkom. Beide die larwes en volwasse kewertjies vreet die bogrondse blaargedeltes en groeipunte van plante. Die vernietiging van die lower veroorsaak verswakte plante, met 'n gevolglike laer opbrengs. In sommige gevalle waar hewige infestasies voorkom, kan plante totaal ontblaar word.

Kenmerkend van die skade is dat dit gewoonlik kol-kol in lande voorkom. Knolle word nie aangeval nie. Aartappels is die voorkeur-gasheer van die Colorado-aartappelkewer, maar baie plante in die *Solanaceae*-familie word ook aangeval.

Ander belangrike gasheer sluit tamaties, tabak, eivrug, peper en nastergal in. Die Colorado-aartappelkewer moenie verwar word met twee soortgelyke kewers wat ingevoer is vir die biologiese beheer van satansbos nie. Hoewel dié twee kewertjies baie

met die Colorado-aartappelkewer ooreenstem, val hulle nie aartappelplante aan nie. Die Astylus-kewer, wat óók swart en geel is, kom algemeen in aartappellende voor, maar is slegs stuifmeelvoeders en vreet aan die blommetjies, maar nie aan die blare nie.

Hoewel die kans skraal is dat die Colorado-aartappelkewer per ongeluk in Suid-Afrika sal opduik, is dit steeds krities dat pro-

ducente moet weet waarvoor om op te let. Met hierdie plaag is dit moontlik om 'n vroeë uitbraak in die kiem te smoor, soos al tevore in Engeland die geval was.

Indien produsente enige kewer wat hierbo beskryf is in 'n land gewaar waar dit aan die blare vreet, kan hulle vir Diedrich Visser by (012) 841-9699 skakel.

Foto onder - Eiers word aan die onderkant van blare gelê.

Foto heel onder - Larwes stroop 'n aartappelplant.

